

# ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

## DEUR

### DR PHILIP THEUNISSEN

---

#### AFTREEBEPLANNING VIR DIE UITREDENDE GESLAG

Wanneer daar na boere se oeste of vee gevra word is die kans goed dat hulle breedvoerig daaroor sal kan gesels. Dieselfde geld egter nie wanneer hulle oor hulle aftreebeplanning uitgevra word nie. Boere dink nie regtig oor aftrede nie en min van hulle sal 'n dag en datum aandui wanneer hulle van plan is om af te tree. Nie een van hulle beoog om werklik op te hou boer nie en glo dat hulle tot die dag van hulle dood steeds sal boer. Dit is nie wys om van voorneme te wees om aan te hou met boer tot die dood eindag intree nie.

'n Boer is ook net 'n mens. Hy is ook aan veroudering en swakker wordende gesondheid onderhewig. Daarom is dit nodig dat 'n boer vir aftrede beplan ingeval sy gesondheid dit nie meer toelaat nie of as ander omstandighede van hom vereis om op te hou boer. Al sien hyself nie uit na sy aftrede nie is daar dalk ander mense, soos sy vrou en kinders, wat na sy aftrede uitsien.

#### **Beplanning**

Dit neem tyd om te beplan. Beplanning vir aftrede veral is 'n tydsame proses. Dit is nie altyd maklik om te besluit wie wat moet kry nie, veral as die boerdery die instrument is waardeur die uitredende boer se aftrede gefinansier moet word. Wat die aftrede nog meer gekompliseerd maak is die feit dat 'n boerdery se besigheids- en familiesake nou verweef is. Daarom is boere baie huiwerig om vir aftrede te beplan en is die ander betrokkenes, soos die boer se vrou en sy kinders, ver in die agtergrond as hy oor sy aftrede besin. Die volgende is van belang wanneer die boer vir aftrede beplan:

- Besin oor geleenthede om aftreevoordele deur middel van nie-boerdery inkomste aan te vul;
- Begin op 'n jong ouderdom vir aftrede te beplan wanneer daar meer opsies vir aftrede beskikbaar is;
- Diversifiseer beleggings buite die boerdery om geld te beskerm wat vir aftrede opsy gesit is;
- Verbeter die familiekommunikasie voortdurend. Dit vergemaklik die besluitneming oor aftrede.

#### **Hoeveel geld is nodig?**

Wanneer die boer dan wel tot die definitiewe besluit van aftrede kom, is dit nodig dat hy sy somme maak om te bepaal hoeveel hy vir sy aftrede benodig en waar die geld vandaan gaan kom. Die volgende kan as riglyn dien om 'n tipiese aftredesom mee te maak:

Beskrywing	Bedrag per maand Huidig	Bedrag per maand Oor 10 jaar
<b>Huisvesting:</b>		
- Huispaaielement		
- Versekering		
- Onderhoud en herstel		
- Munisipale heffings, krag en water		
- Ander		
<b>Basiese persoonlike uitgawes:</b>		
- Kos		
- Klere		
- Skoonmaakmiddels		
- Persoonlike versorging		
- Medies		
- Ander		
<b>Ander persoonlike uitgawes:</b>		
- Vermaak		
- Ledegelde		
- Stokperdjies		
- Geskenke		
- Belasting		
- Ander		
<b>Vervoer:</b>		
- Motorpaaielement		
- Versekering en lisensies		
- Brandstof		
- Onderhoud en herstel		
- Ander		
<b>Reis en vakansie:</b>		
- Verblyf		
- Karavaan- of tyddeelpaaielement		
- Versekering en lisensies		
- Brandstof		
- Onderhoud en herstel		
- Ander		
<b>Versekering:</b>		
- Lewensversekering		
- Annuïteite		
<b>Totale jaarlikse lewenskoste</b>		

Die tabel maak voorsiening daarvoor dat die boer sy uitgawes vir onmiddellike aftrede kan bepaal maar dit is noodsaaklik dat hy ook 'n projeksie maak van wat die uitgawes oor tien jaar sal wees. Wanneer die boer sy aftree-uitgawes beplan het, moet hy sy inkomste bepaal. Sy bronne van inkomste kan soos volg lyk:

Beskrywing	Bedrag per maand Huidig	Bedrag per maand Oor 10 jaar
<b>Nie-boerdery inkomste:</b>		
- Pensioen of annuïteite		
- Uitkeerpolis		
- Rente uit beleggings		
- Dividende uit aandele		
- Salaris uit deelydse betrekking		
- <b>Ander</b>		
Totale jaarlikse inkomste		
Min: Totale jaarlikse lewenskoste		
= Inkomste uit die boerdery benodig		

Die boer behoort die inflasiekoers in gedagte te hou om seker te maak dat sy inkomste met sy uitgawes sal tred hou. Bou 'n "kussing" in om onvoorsiene uitgawes te kan absorbeer. Sekuriteit en gemoedsrus moet die basiese uitgangspunt van die aftreebeplanning wees.

### **Kan die plaas dit bekostig?**

As daar enige tekort tussen die uitgawes en nie-boerdery inkomste is, moet die boerdery die tekort aanvul. Die vraag is nou of die boerdery dit kan bekostig om die boer se aftrede te finansier? Eerstens moet die boerderywins van die afgelope aantal jare ontleed word om te bepaal of daar genoeg geld oorbly nadat die nuwe eienaar (die boer se kind) se lewenskoste en die boerdery se paaiement betaal is. Daarna moet daar ook 'n projeksie gemaak word van die toekomstige boerderywins onder die nuwe bestuur om te bepaal of die boerdery in die toekoms ook die boer se aftrede sal kan bly finansier. Indien daar wel ruimte binne die wins daarvoor is, kan die aftrede deurgevoer word. Indien nie, moet die boerdery uitgebrei word, die boer se lewenskoste afgeskaal word of addisionele nie-boerdery inkomste gesoek word.

### **Ten slotte**

Die boer behoort homself 'n aftrede te gun. Hy moet betyds daarvoor beplan en voortydig sorg dat daar genoeg nie-boerdery inkomste is om die aftrede mee te finansier. Sodoende plaas hy minder druk op die boerdery om die aftrede te finansier en gee hy die volgende geslag op die plaas genoeg geleentheid om 'n lewensvatbare boerdery voort te sit.

Hy behoort die volgende geslag die volle geleentheid te gun om met die boerdery voort te kan gaan. Poog om regtig af te tree. Moenie net terug tree om later weer te kan optree nie.

---

**BETHLEHEM**  
**April 2003**